In die lig van hierdie ongunstige betalingsbalans-verwikkelings is die wisselkoersbeleid van onafhanklik beheerde swewing teen die einde van Junie beëindig en die rand terselfdertyd met 4,8 persent gedevalueer. Hierdie maatreëls is in Augustus gevolg deur 'n verhoging van die Bankkoers en hoër likwiede batevereistes vir bankinstellings om te verseker dat rentekoersverskille nie 'n uitvloeiing van kapitaal sou veroorsaak nie en dat 'n ongunstige toestand van vervroegings en vertraginge nie deur die skepping van bankkrediet aangehelp sou word nie. Verder is die invloeiing van kapitaal aangemoedig deur veranderinge in die deviesebeheerregulasies en reëlins t.o.v. valutatermyndekking. In September, toe die prys van goud skerp gedaal het en die lopende rekening nie enige tekens van verbetering getoon het nie, is die rand met 'n verdere 17,9 persent gedevalueer en die likwiede batevereistes van die bankinstellings verder tot hoë peile verhoog. Die amptelike standpunt was dat hierdie maatreëls sou bydra tot 'n verbetering van die betalingsbalans en terselfdertyd nie die reële ekonomiese groeikoers onnodig sou demp nie. Die moontlike inflasionistiese uitwerking van die devaluasie moes teengewerk word deur die verskerping van monetêre beleid en die voorkoming van die onnodige gebruik van bankkrediet om die Skatkistekort te finansier. Daar is ook besluit om die kollektiewe veldtog teen inflasie met 'n verdere ses maande tot aan die einde van September 1976 te verleng.

Gedurende die vierde kwartaal van 1975 is 'n aansienlike invloeiing van korttermynkapitaal aangeteken en het die aanduidings duideliker geword dat die verlangsaaming van die binnelandse vraag begin het om 'n groter uitwerking te hê in die vermindering van die

volume van invoere. Die prysverhogende uitwerking van die devaluasie het matig geblyk te wees en die hoër rand-opbrengs van die goudverkope en uitvoere het gedurende die vierde kwartaal van 1975 'n heilsame uitwerking op die betalingsbalans gehad. Die seisoens-aangesuiwerde lopende rekening van die betalingsbalans het derhalwe gedurende die derde en vierde kwartale van 1975 'n verbetering getoon alhoewel die tekort nog op 'n onaanvaarbaar hoë vlak was. Terwyl daar ná die devaluasie van die rand op 22 September 1975 'n opmerklieke ommekeer in die vroeëre afname in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reserwes was, het die netto aankope van valuta by die Bank vanaf die laaste week van Desember weer tot binnormale vlakke gestyg. Dit het gedui op die terugkeer van ongunstige vervroegings en vertragings in die betalingsbalans, wat weer met nuwe verwagtings van 'n moontlike devaluasie van die rand verband kon gehou het, veral as gevolg van 'n verdere daling van die goudprys in Januarie 1976. Aangesien daar 'n verband bestaan tussen die abnormaal hoë aankope van valuta by die Reserwebank en 'n toename in bankkrediet, het die Reserwebank op 17 Februarie besluit om regstreekse kwantitatiewe beperkings op bankkrediet aan die private sektor te plaas. Hierdie maatreeël is daarop gemik om as 'n tydelike maatreeël die ewewig tussen binnelandse en buitelandse finansiering van die handel te herstel en daardeur die betalingsbalans te versterk, en ook om die potensieel inflasionistiese uitwerking van die oorskot-likwiditeit in die ekonomie te verminder. Ten einde die buitelandse valutakomponent van sy totale goud- en ander buitelandse reserwes te versterk, het die Reserwebank gedurende die week geëindig 12 Maart 1976, goudruilooreenkomste met buitelandse instansies aangegaan. Die gevolg van hierdie ooreenkomste is dat die kontantinhoud van die Reserwebank se buitelandse reserwes aansienlik verhoog is en die Bank sodoende meer buigsaamheid in sy goudbemarkingsbeleid gee.

Dit is ook van belang om daarop te let dat die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld, nadat dit gedurende die eerste helfte van 1975 teen 'n betreklik lae jaarkoers van 11 persent gestyg het, in die tweede helfte van 1975 sneller toegeneem het en teen 'n jaarkoers van 22 persent gestyg het. Alhoewel bankkrediet aan die regeringsektor ook tot laasgenoemde styging bygedra het, was die hooforsaak van die versnelling 'n toename van 19 persent in die bankkrediet aan die private sektor. Gedurende Januarie 1976 was daar 'n verdere skerp styging in bankkrediet aan die private sektor. In die kalenderjaar 1975 in sy geheel het die hoeveelheid geld en kwasi-geld met 16 persent toegeneem, in vergelyking met 'n toename van 23 persent in elk van die voorafgaande twee jare. Die hoë koerse van toename in bankkrediet aan die private sektor en in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede helfte van 1975 het die omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansie-

ring van Suid-Afrika se internasionale handel vergemaklik en het die noodsaaklikheid beklemtoon van die meer beperkende monetêre beleid wat sedert die tweede helfte van 1975 gevolg is.

Soos in die 1975/76-Begroting in die vooruitsig gestel is, sal 'n betreklik groot tekort in die regeringsinkomste in vergelyking met die regeringsuitgawes die leningsbehoefte van die Skatkis gedurende daardie fiskale jaar vergroot. Die regering het positiewe stappe gedoen om die tekort sover moontlik uit lopende besparing te finansier en alhoewel die sentrale regering in staat was om 'n aansienlike bedrag aan leningsfondse van die nie-banksektor op te neem, het die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende 1975 nogtans taamlik aansienlik gestyg. Die leningsbedrywighede van die sentrale regering en ander leners in die openbare sektor verklaar ook die voortgesette onderliggende stramheid van die kapitaalmarkt en die styging in langtermynrentekoerse gedurende 'n tydperk van sikliese afname in die ekonomiese bedrywigheid. Nuwe kapitaal wat deur sowel die openbare as die private sektor in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem is, het in 1975 'n rekordvlak bereik.

Nasionale rekeninge

Laer koers van toename in die reële bruto binnelandse produk

Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding het regdeur 1975 in 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf verkeer en die groeikoers in die reële bruto binnelandse produk het gedurende hierdie jaar slegs 2,2 persent bedra, vergeleke met die 7,0 persent wat in 1974 aangeteken is toe die volkshuishouding gedurende die grootste gedeelte van die jaar nog steeds in 'n opwaartse konjunkturgolffase was. Alhoewel die toename van 2,2 persent volgens Suid-Afrikaanse

Persentasieverandering in bruto binnelandse en nasionale produk teen konstante 1970-pryse

	1974	1975
Landbou, bosbou en visserij	24½	-5½
Goudmynbou	-11	-6
Nie-goudmynbou	10½	3
Fabriekswese	6	2
Elektrisiteit, gas en water	7	5
Konstruksie	8	-2
Groot- en kleinhandel, ens.	7½	3
Vervoer, opberging en kommunikasie	7	6
Algemene owerheidsdienste	7	7½
Ander sektore	4½	2½
Totale bruto binnelandse produk	7	2¼
Nie-landbousektore	6	3
Nie-landbou- en nie-mynbousektore	6½	3¼
Bruto nasionale produk	8½	-1½

standaarde laag is, het dit gunstig vergelyk met, byvoorbeeld, die geraamde negatiewe groeikoers van 2 persent vir alle OESO-lande in 1975.

Soos uit die bygaande tabel blyk, het feitlik al die verskillende klasse van ekonomiese bedrywigheid gedurende 1975 òf 'n laer koers van toename as in 1974 òf 'n daling getoon. Uitsonderings was die reële toegevoegde waarde deur algemene owerheidsdienste (hoofsaaklik salarisse en lone), wat teen 'n hoër koers toegeneem het, en deur die goudmynbou, wat minder as in 1974 gedaal het. Die mees opvallende verandering het voorgekom in die geval van die landbousektor waarvan die reële toegevoegde waarde in werklikheid gedurende 1975 gedaal het vergeleke met 'n aansienlike toename gedurende 1974. Minder gunstige weersomstandighede het aanleiding gegee tot


die insameling van kleiner oeste, veral somergraan-oeste, as in 1974. Ander belangrike veranderings was die afname in die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor, wat 'n weerspieëling was van die terneergedrukte toestande wat in die bou- en konstruksienywerheid geheers het, en die laer koers van toename in die volume van die nie-goudmynbouproduksie in 1975 voortspruitende uit die lae groeikoers in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en die laer vlak van die uitvoervraag wat deur die resessie in die buiteland veroorsaak is. Wat die kleinhandel betref, het kleinhandelsverkope teen konstante pryse met 2,7 persent gestyg, groothandelsverkope teen konstante pryse met 2,4 persent en die aantal nuwe motorvoertuie verkoop met 6,4 persent.

Omdat die pryse van ingevoerde goedere vinniger as die pryse van Suid-Afrikaanse uitvoere (insluitende goud) gestyg het, het die land se ruilvoet gedurende 1975 versleg. Gevolglik het die reële bruto nasionale produk gedurende 1975 effens gedaal, vergeleke met die klein positiewe groeikoers in die reële bruto binnelandse produk.

Teen heersende markpryse het die bruto binnelandse produk gedurende 1975 met 14 persent toegeneem, wat aansienlik laer was as die bykans 19 persent wat gedurende 1974 aangeteken is. Die vernaamste rede vir die laer koers van toename gedurende 1975 was dat die bruto bedryfsurplus (bruto winste en netto rentebetalinge) gedurende 1975 met slegs 7,4 persent toegeneem het, vergeleke met 21,7 persent gedurende die voorafgaande jaar. Alhoewel 'n lae koers van toename in winste in 'n tydperk van stadige ekonomiese groei 'n normale verskynsel is, is die laer koers van toename wat gedurende 1975 aangeteken is grotendeels deur afnames in die bedryfsurplusse van die goudmynbou, die nie-goudmynbou en die landbou veroorsaak. Die vergoeding van werknemers het gedurende 1975 met meer as 19 persent gestyg, waarvan die grootste bydraes deur die fabriekswese, die algemene owerheid en totale mynbou gelewer is.

Die bygaande tabel toon die skerp skommelings in die koers van toename in die bruto bedryfsurplus gedurende die tydperk 1970 tot 1975. Die gemiddelde jaarlikse toename van 16,1 persent gedurende hierdie

Persentasieverandering in bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse




Persentasieverandering in die komponente van bruto binnelandse produk teen faktorkoste (heersende pryse)

	Vergoeding van werknemers	Bedryfsurplus
1970	13,5	2,8
1971	13,8	6,7
1972	9,6	16,3
1973	16,5	30,3
1974	18,0	21,7
1975	19,3	7,4
Jaarlikse gemiddelde 1970-1975	15,4	16,1

tydperk het nie wesenlik verskil van die jaarlikse koers van toename van 15,4 persent in die vergoeding van werknemers nie.

Kwartaallikse ramings van die reële bruto binne-landse produk toon dat die groeikoers regdeur 1975 op 'n lae vlak gebly het. Die skerp afname in die groeikoers wat gedurende die laaste kwartaal van 1975 aange-teken is, is hoofsaaklik deur 'n aansienlike afname in die reële toegevoegde waarde van die landbou veroorsaak.

Fisiese volume van produksie



Die reële groeikoers van die nie-landbousektore het gedurende al vier kwartale van 1975 feitlik onveranderd gebly. Die handhawing van die groeikoers in die nie-landbousektore gedurende die laaste kwartaal van 1975 was in 'n groot mate aan 'n skerp toename in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese toe te skryf. Die reële inkome wat in die goudmynbousektor geskep is, het skerp gedaal, terwyl die reële toegevoegde waarde van die groot-, klein- en motorhandel effens toegeneem het en dié van al die ander sektore min verandering getoon het.

Klein toename in die reële bruto binnelandse besteding


Die totale reële bruto binnelandse vraag, soos gemeet aan die reële bruto binnelandse besteding, het gedurende 1975 slegs effens toegeneem, teenoor 'n styging van 12½ persent gedurende die vorige jaar. Afgesien van die reële owerheidsverbruiksbesteding, het al die ander hoofkomponente van die bruto binnelandse besteding, naamlik die private verbruiksbesteding, die bruto binnelandse vaste investering en voorraadinvestering, gedurende 1975 teen 'n laer koers as gedurende 1974 toegeneem. Teen heersende pryse het die bruto binnelandse besteding die bruto nasionale produk met 'n groter bedrag as gedurende die voorafgaande jaar oorskry en hierdie verwikkeling is in 'n aansienlike toename in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël.

Matige koers van toename in reële private verbruiksbesteding

Nadat die koers van toename in die reële private verbruiksbesteding gedurende 1974 tot 5½ persent gestyg het, het dit gedurende 1975 aansienlik tot slegs 3 persent verlangsaam. Soos die bygaande tabel toon, het feitlik al die verskillende klasse van besteding teen 'n laer koers toegeneem. 'n Opmerklike uitsondering was die reële besteding aan duursame verbruiks-goedere waarvan die toename gedurende 1975 effens versnel het as gevolg van die aankope van televisiestelle nadat televisieprogramme in Mei 1975 ingestel is. Aangesien die reële inkome van Blankes gedurende 1975 na raming effens gedaal het, was dit te verwagte

Persentasieverandering in private verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse		
	1974	1975
Duursame goedere	2	3
Meubels en huishoudelike toestelle	4	-15
Persoonlike vervoertoerusting	-2	1
Ontspanningsgoedere (insluitende televisietoestelle)	7	114
Semi-duursame goedere	4	3½
Klerasie en skoeisel	4½	4
Nie-duursame goedere	6½	3
Voedsel, drank en tabak	7	3
Dienste	5	3
Totale private verbruiksbesteding	5½	3

Verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



dat die besteding aan sekere ander klasse duursame goedere nadelig getref sou word. Die reële besteding aan nuwe motors het nie enige opmerklike verandering getoon nie, maar die reële besteding aan meubels en ander groot huishoudelike duursame goedere het met nie minder nie as 15 persent gedaal, deels ook as gevolg van 'n daling in nuwe woningboukonstruksie. Die reële besteding aan semi-duursame goedere soos klerasie en skoeisel en aan nie-duursame goedere, naamlik voedsel, drank en tabak, het ook laer groeikoerse as gedurende 1974 aangeteken. Die toenames wat wel voorgekom het, het hoofsaaklik met die verdere aansienlike styging in die reële lone van Nie-Blankes gedurende die kalenderjaar 1975 verband gehou.

Kwartaallikse ramings toon dat die reële private verbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal van 1975 matig toegeneem het en teen effens hoër koerse gedurende die laaste drie kwartale van die jaar gestyg het. Die toename in die laaste kwartaal van 1975 was grotendeels die gevolg van 'n aansienlike styging in aankope van televisiestelle, in afwagting van die amptelike aanvang van die diens in Januarie 1976. Die reële besteding aan meubels en huishoudelike toe-stelle, asook aan nuwe motors, het egter in die laaste kwartaal gedaal.

Aansienlike toename in reële owerheids-verbruiksbesteding

Die reële verbruiksbesteding van die algemene af-delings van openbare owerhede het gedurende 1975

met 14 persent toegeneem nadat dit in 1974 met 11 persent gestyg het. Die skerp toename gedurende albei hierdie jare het in 'n sekere mate hoër verdedigings-uitgawes weerspieël. Soos in 1974, was die hoër groeikoerse in die totale owerheidsverbruiksbesteding grotendeels die gevolg van 'n skerp styging van 22 persent in goedere en dienste uitgesonderd die vergoeding van werknemers. Die koers van toename in reële salarisse en lone het vanaf 6 persent in 1974 tot 7½ persent in 1975 versnel. Gedurende die eerste helfte van 1975 was die koers van toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding taamlik aansienlik, maar dit het in die tweede helfte laer geneig.

Daling in die groeikoerse van bruto binnelandse vaste investering

Die totale reële vaste investering het gedurende 1975 met 4 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 7 persent in die voorafgaande jaar. Die openbare sektor, d.w.s. openbare korporasies en openbare owerhede, was hoofsaaklik vir die styging in 1975 verantwoordelik en die reële vaste investering daarvan het met 8 persent toegeneem, terwyl dié van die private sektor met slegs 1 persent bo die vlak van 1974 gestyg het.


Met slegs enkele uitsonderings, het die reële private vaste investering in die verskillende sektore óf kleiner toenames in 1975 as in 1974 óf dalings getoon. Soos in die bygaande tabel getoon word, is kleiner toenames aangeteken in die mynbou- en private fabriekswesesektore, terwyl dalings in die handel en in die geval van woongeboue voorgekom het. In teenstel-ling hiermee, het die landbousektor 'n skerp toename getoon, nadat 'n afname in 1974 aangeteken is.

Binne die openbare sektor is die belangrikste bydrae tot die hoër groeikoerse in die reële vaste investering deur die openbare owerhede gelewer. Die hoër peil van kapitaalbesteding deur hierdie owerhede het hoofsaak-lik voortgespruit uit die bedrywighede van hul sakeon-dernemings, in die besonder die Suid-Afrikaanse

Persentasieveranderings in bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1970-pryse

	1974	1975
Totaal	7	4
Private sektor	8	1
Mynbou	34	9
Fabriekswese	14	6
Landbou	-3	18
Woongeboue	4	-15
Handel	18	-13
Ander	-3	3
Openbare sektor	4	8
Openbare owerhede	3	8
Sake-ondernemings	-4	14
Suid-Afrikaanse Spoorweë	-2	20
Ander	-6	7
Algemene owerheid	10	3
Openbare korporasies	5	9

Vaste investering teen konstante 1970-pryse




Spoorweë. Die investeringsbedrywigheid van die algemene afdelings van openbare owerhede het ook toegeneem, maar die koers van toename was heelwat laer as dié wat in 1974 bereik is. Die reële vaste investering van openbare korporasies gedurende 1975 het grotendeels kapitaalbesteding op die Sishen-Saldanha-spoorwegprojek, mynbedrywigheide van Yskor, en uitbreidingsprogramme van Evkom weer-spieël.

Kleiner toevoeging tot voorrade

Die boekwaarde van totale voorrade het gedurende 1975 met R1 457 miljoen toegeneem, waarvan nywerheids- en handelsvoorrade R915 miljoen bedra het. Die verhouding van die boekwaarde van nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare bruto binnelandse produk teen heersende pryse het afgeneem vanaf 36,6 persent in die tweede kwartaal tot 35,3 persent in die laaste kwartaal van 1975. Gereken teen konstante 1970-pryse, het die totale waarde van voorrade in 1975 met R107 miljoen teenoor R513 miljoen in die voorafgaande jaar gestyg. Kwartaallikse

Voorrade as persentasie van verkope



ramings toon dat die reële voorraadinvestering in die loop van die jaar kleiner geword het en in die tweede helfte van 1975 negatief geword het.

Inligting wat uit maatskappyverslae en opnames van saketoestande verkry is, dui daarop dat die heersende vlak van voorrade in verhouding tot die verwagte verkope in die onmiddellike toekoms nog as te hoog beskou word.

Bruto binnelandse besparing

In teenstelling met verwikkelinge gedurende die voorafgaande drie jaar, toe die bruto binnelandse besparing gemiddeld met ongeveer 23 persent per jaar gestyg het, het die bruto binnelandse besparing gedurende 1975 slegs effens gestyg. Aangesien binnelandse fondse onvoldoende was om die totale vaste en voorraadinvestering te finansier, moes buite-landse fondse tot 'n bedrag van R1 616 miljoen as 'n bron van finansiering gebruik word. Voorsiening vir waardevermindering en persoonlike besparing het gestyg, maar maatskappybesparing en die lopende oorskot van die algemene owerheid het gedurende 1975 gedaal.

Konjunktuurtoestand, arbeid en pryse


Voortsetting van verlangsamings in ekonomiese bedrywigheid

Die sikliese afname in die ekonomiese bedrywigheid, wat in die derde kwartaal van 1974 begin het, het gedurende 1975 voortgeduur. Dit word bevestig deur belangrike konjunkturaanwysers soos die reële bruto binnelandse produk, die volume van goedere-invoere, en die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs. Hierteenoor het die volume van die fabrieksproduksie en groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse gedurende die tweede helfte van 1975 teen 'n effens hoër koers toegeneem. Ondanks hierdie uiteenlopende neigings gedurende die tweede helfte van 1975, wil dit voorkom asof die Suid-Afrikaanse volkshuishouding nog steeds in die afwaartse fase van die konjunkturgolf is, soos getoon word deur die neigings van verskeie ander ekonomiese aanwysers soos die volume van die mynbouproduksie, die ton-kilometers van inkomstedraende verkeer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die waarde van geboue voltooi, die aantal nuwe motorvoertuie verkoop, die versending van staal na die binnelandse mark, die verkope van boumateriaal teen konstante pryse en sementproduksie. In teenstelling met die werklike afname in die ekonomiese bedrywigheid in die meeste Westerse lande, het die Suid-Afrikaanse volkshuishouding voortgegaan om uit te brei, alhoewel teen 'n baie laer koers, en die afwaartse fase van die konjunkturgolf moet dus vertolk word as 'n verlangsamings in die ekonomiese bedrywigheid tot 'n peil wat laer is as die middeltermyn-groei-potensiaal van die ekonomie.

Laer koers van toename in werkgeleentheid

Die arbeidstoestand het gedurende 1975 betreklik ruim gebly as gevolg van die laer koers van ekonomiese groei wat vanaf die vierde kwartaal van 1974 ondervind is. So het die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs, wat in die verlede 'n gevoelige aanwyser van verandering in die arbeidstoestand geblyk te wees het, toegeneem vanaf 8 823 in Desember 1974 tot 11 462 in Desember 1975. Indiënsneming in die nie-landbousektore van die ekonomie gedurende die eerste drie kwartale van 1975 was gemiddeld 1,8 persent hoër as gedurende dieselfde tydperk in 1974, teenoor 'n toename van 2,8 in 1974 in vergelyking met 1973. Verder wil dit voorkom asof indiënsneming in hierdie sektore gedurende die derde kwartaal van 1975 teen 'n laer koers toegeneem het as gedurende die eerste helfte van die jaar. 'n Ontleding van indiënsneming in die verskillende sektore toon dat indiënsneming in die konstruksie, die nie-goudmynbou en die motorhandel gedurende die eerste tien maande van 1975 gedaal of afgeplat het, terwyl indiënsneming in die goudmynbou en die fabriekswese vanaf die tweede kwartaal van die jaar weer begin toeneem het. Die aantal persone in diens

Konjunkturaanwysers



van openbare owerhede en die groot- en kleinhandel het gedurende die eerste drie kwartale van die jaar hul stygende neiging voortgesit.

Nieteenstaande die laer groeikoers in die ekonomiese bedrywigheid en indiensneming gedurende die eerste drie kwartale van 1975, het die gemiddelde salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die volkshuishouding gedurende hierdie tydperk, in vergelyking met dieselfde tydperk in 1974, met 18,3 persent gestyg. Hierdie persentasie is saamgestel uit toenames van 13,6 en 25,3 persent in die gemiddelde salarisse en lone van Blankes en Nie-Blankes onderskeidelik. In reële terme, d.w.s. nadat die toename in die verbruikersprysindeks in aanmerking geneem is, het die gemiddelde vergoeding van Blankes gedurende die eerste drie kwartale van 1975 vergeleke met dieselfde tydperk in 1974, met 0,3 persent gedaal en dié van Nie-Blankes met 9,9 persent gestyg.

Daling in die inflasiekoers


Alhoewel die inflasiekoers in Suid-Afrika regdeur 1975 hoog gebly het, het die koers van toename in pryse merkbaar gedaal vanaf die hoogtepunt wat in die derde kwartaal van 1974 bereik is. Die direkte prysverhogende uitwerking van die devaluasie van die rand in September 1975 is teengewerk deur hierdie dalende neiging, aangevul deur verdere monetêre en fiskale beleidsmaatreëls en die algemene veldtog teen inflasie wat in Oktober van stapel gestuur is.

Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het vanaf Desember 1974 tot Desember 1975 met 11,7 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van nie minder nie as 14,0 persent vanaf Desember 1973 tot Desember 1974. Vanaf Februarie 1975 tot Februarie 1976 het hierdie koers verder gedaal tot 10,9 persent. Die verlangsamings van die kwartaallike koerse van toename in die verbruikerspryse oor die laaste vyf kwartale, naamlik vanaf 'n jaarkoers van toename van 18,2 persent in die derde kwartaal van 1974 tot slegs 10,4 persent in die vierde kwartaal van 1975, was baie betekenisvol. Belangrike bydraes tot die laer koers van toename in die verbruikerspryse gedurende die vierde kwartaal van 1975 is eerstens gemaak deur voedselpryse, wat gedurende hierdie tydperk bykans geen verandering getoon het nie, en tweedens deur 'n laer koers van toename in die pryse van dienste.

Die *gemiddelde* maandelikse verbruikersprysindeks het in 1975 met 13,5 persent gestyg, vergeleke met toenames van 11,6 en 9,5 persent in 1974 en 1973 onderskeidelik. Voedselpryse, wat in 1973 met 15,4 persent, in 1974 met 15,1 persent en in 1975 met 'n verdere 15,0 persent gestyg het, het gedurende die afgelope drie jaar 'n wesenlike bydrae tot die hoër koerse van toename in die verbruikersprys gemaak.

Die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het vanaf Desember 1974 tot Desember 1975 met 16,9 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 19,4 persent gedurende die voorafgaande jaar. Vanaf

Verbruikerspryse




Januarie 1975 tot Januarie 1976 het hierdie koers verder afgeneem tot 14,5 persent. Die jaarkoers van toename in die pryse van ingevoerde goedere het versnel vanaf 15,1 persent in die derde kwartaal tot nie minder nie as 34,2 persent in die vierde kwartaal van 1975, terwyl die koers van toename in die pryse van goedere wat in Suid-Afrika vervaardig is, gedurende dieselfde tydperk merkbaar afgeneem het vanaf 20,5 persent tot 14,2 persent. Hierdie verwikkeling het die

styging in die pryse van alle groothandelsgoedere gedurende die vierde kwartaal op ongeveer dieselfde peil te staan gebring as gedurende die derde kwartaal, ten spyte van die wesenlike direkte uitwerking van die September-devaluasie op die pryse van ingevoerde goedere. Die laer koers van toename gedurende die vierde kwartaal van 1975 in die pryse van goedere wat in Suid-Afrika vervaardig is, is behaal in weerwil van 'n skerp styging in die pryse van basiese metale en

metaalprodukte en van masjinerie en vervoertoerusting en was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n laer koers van toename in die pryse van landbouprodukte.

Die *gemiddelde* maandelikse groothandelsprysindeks het in 1975 met 17,3 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 18,0 persent in 1974. Die pryse van ingevoerde goedere het gedurende 1975 en 1974 met onderskeidelik 22,4 en 22,6 persent gestyg, terwyl die koers van toename in die pryse van goedere wat in Suid-Afrika vervaardig is, effens afgeneem het vanaf 16,6 persent in 1974 tot 15,5 persent in 1975.

Groothandelspryse



Betalingsbalans

Groot tekort op die lopende rekening

Alhoewel die Suid-Afrikaanse volkshuishouding sedert die derde kwartaal van 1974 in 'n afwaartse fase van die konjunkturgolf verkeer het en die binnelandse vraag nie noemenswaardig toegeneem het nie, het die tekort op die lopende rekening vanaf R860 miljoen in 1974 tot nie minder nie as R1 616 miljoen in 1975 gestyg. As persentasie van die bruto binnelandse produk het die tekort op die lopende rekening vanaf ongeveer 4 persent in 1974 tot net meer as 6 persent in 1975 toegeneem. Die skerp styging in die tekort op die lopende rekening gedurende 1975 was toe te skryf aan 'n aantal faktore waarvan die meeste regstreeks of onregstreeks verband gehou het met die diep en langdurige afwaartse fase van die konjunkturgolf in die vernaamste nywerheidslande en die voortgesette wêreldinflasie. Eerstens het die internasionale resessie tot 'n afname in die wêreldhandel en in kommoditeitspryse op internasionale markte gelei wat Suid-Afrika se uitvoere ongunstig beïnvloed het. Tweedens het die prys van goud in die loop van 1975 skerp gedaal. Derdens is die invoerkoste verhoog deur die hoë inflasiekoers in die meeste lande, die verdere styging in die prys van olie en die depresiasie van die rand. In die laaste plek is die invoere opgestoot deur verhoogde verdedigingsuitgawes.


Soos in die bygaande tabel getoon word, het die tekort op die lopende rekening gedurende die eerste twee kwartale van 1975 progressief toegeneem en vervolgens gedurende die derde en vierde kwartale van

Tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans


	Seisoens-aangesuiwerde jaarkoers	Persentasie van bruto binnelandse produk	
		Rm	%
1974: 3e kwartaal	1 342	5,9	
4e kwartaal	1 195	5,0	
1975: 1e kwartaal	1 548	6,4	
2e kwartaal	1 727	6,8	
3e kwartaal	1 656	6,4	
4e kwartaal	1 533	5,7	

die jaar matig gedaal. Die verbetering gedurende die laaste kwartaal van 1975 het plaasgevind ondanks die tydelike nadelige *korttermyn*uitwerking van die devaluasie van die rand in September en die skerp daling in die dollarprys van goud op die private mark ná Augustus, en is teweeggebring deur 'n skerp styging in die randopbrengs van die goedere-uitvoer, wat die toename in die waarde van die goedere-invoer en die

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld meer as geneutraliseer het.

Die goedere-invoer het toegeneem vanaf R5 723 miljoen in 1974 tot R6 681 miljoen in 1975, of met effens minder as 17 persent. Hierdie styging in die waarde van invoere, en in die besonder die invoer van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, olie, basiese metale en edel- en halfedelstene en halfedelmetale, was uitsluitend aan prysstygings toe te skryf, aangesien die volume van die invoer effens gedaal het. Dit is betekenisvol dat die invoer van sekere belangrike groepe goedere soos tekstiele, papier en papierprodukte, en hout en artikels van hout, in werklikheid in waarde gedaal het, wat dui op 'n aansienlike daling in die volume. Die volume van invoere het regdeur die kalenderjaar 1975 'n dalende neiging getoon. Gedurende die laaste kwartaal van 1975 het die waarde van die goedere-invoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, in rand-terme met slegs sowat 8 persent gestyg, ondanks die prysverhogende uitwerking van die devaluasie van die rand in September.

Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het, net soos gedurende die voorafgaande twee jaar, gedurende 1975 aansienlik gestyg. Hierdie styging was hoofsaaklik die gevolg van stygings in internasionale vragkoste en in rentebetalinge op buitelandse lenings. Die skerp toename in betalings aan buitelanders gedurende die eerste helfte van 1975 is egter gedurende die tweede helfte van die jaar gestuit as gevolg van laer dividendbetalinge op buitelandse beleggings en 'n afname in internasionale vragbetalinge wat aan die daling in die volume van invoere toegeskryf kan word. Ontvangste vir dienste het gedurende 1975 slegs matig gestyg as gevolg van die heropening van die Suezkanaal en die algemene terneergedrukte toestand van die wêreld ekonomie.

Soos in die geval van invoere, kon die toename van ongeveer 12 persent in die goedere-uitvoer gedurende 1975 aan prysstygings, met insluiting van die hoër randopbrengste wat deur die devaluasie van die rand meegebring is, toegeskryf word. Die volume van uitvoere het op ongeveer dieselfde vlak as in 1974 gebly. Die uitwerking van die hoër randopbrengste word duidelik weerspieël in die kwartaallike uitvoersyfers wat gedurende die eerste twee kwartale van 1975 matig afgeneem het en daarna in die derde en vierde kwartale met onderskeidelik 7 en 20 persent gestyg het. Die styging in goedere-uitvoere is hoofsaaklik in die groepe akkerbouprodukte, vervaardigde voedsel, mineraalprodukte, edelstene en halfedelstene en -metale, aangeteken.

Nadat die waarde van die netto goudproduksie vir twee opeenvolgende jare aansienlik gestyg het, het dit effens gedaal vanaf R2 565 miljoen in 1974 tot R2 540 miljoen in 1975. Hierdie afname was geheel en al toe te skryf aan 'n afname in die fisiese volume van die goudproduksie aangesien die gemiddelde

randprys van goud in 1975 'n verdere styging getoon het. Gedurende die vierde kwartaal het die waarde van die netto goudproduksie egter tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 633 miljoen gestyg as gevolg van die hoër randopbrengs ná die devaluasie van die rand.

Aansienlike netto kapitaalinvloeiing

Gedurende 1975 is 'n groot netto kapitaalinvloeiing van nie minder nie as R1 774 miljoen op die kapitaalrekening aangeteken, vergeleke met 'n invloeiing van R774 miljoen gedurende 1974. Hierdie aansienlike toename het hoofsaaklik bestaan uit langtermynleningskapitaal wat in die buiteland verkry is (R1 263 miljoen), in die besonder deur die openbare korporasies (R701 miljoen) en die sentrale regering en banksektor (R391 miljoen). Die vloei van langtermynkapitaal na die private sektor, uitgesonderd openbare korporasies, het effens afgeneem vanaf R174 miljoen in 1974 tot R145 miljoen in 1975, korttermynkapitaal wat deur die private sektor verkry is, insluitende foute en onaangetekende transaksies, het in dieselfde tydperk aansienlik toegeneem vanaf R27 miljoen tot nie minder nie as R470 miljoen.

Alhoewel daar in 1975 in sy geheel 'n groot netto invloeiing van private korttermynkapitaal was, het daar gedurende die jaar groot skommelings voorgekom. As gevolg van verwagtings aangaande moontlike veranderinge in die wisselkoers van die rand, het vervroegings in die betalings vir invoere en verdragings in die oorplasing van uitvoeropbrengste, sowel as ander korttermynkapitaalbewegings, van tyd tot tyd voorgekom. Hierdie onbestendige bewegings van korttermynkapitaal het by tye 'n aansienlike las op die land se goud- en ander buitelandse reserwes geplaas en die owerhede gedwing om die vlak van die bruto buitelandse reserwes met kompenserende lenings te ondersteun.


Hierdie kapitaalbewegings het die owerhede ook daartoe beweeg om verskeie maatreëls te tref om die invloeiing van kapitaal aan te moedig en 'n meer konserwatiewe monetêre beleid te volg. In Augustus is die Bankkoers verhoog en is die likwiede batevereistes vir bankinstellings verhoog om te verseker dat die rentekoersverskille tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennote 'n invloeiing van kapitaal sou teweegbring en dat 'n toestand van ongunstige vervroegings en verdragings nie deur die skepping van bankkrediet vergemaklik sou word nie. Hierdie maatreëls is deur veranderinge in deviesebeheerregulasies en in reëlings aangaande valutatermyndekking vergesël. Hierná het die langdurige resessie in die res van die wêreld en 'n skerp daling in die goudprys die owerhede verplig om die rand in September met 17,9 persent te devalueer. Terselfdertyd is die likwiede batevereiste vir die bankinstellings verder verhoog. As gevolg van hierdie verwickelinge het korttermynrentekoerse in Suid-Afrika gedurende die tweede helfte van 1975 tot nog hoër

vlakke gestyg. Die bygaande tabel toon die verandering in die rentekoersverskille tussen Augustus 1974 en Desember 1975.

Vergelykende internasionale rentekoerse

	Aug. 1974	Des. 1975
	%	%
VSA (Prima nywerheidspromesses van 3 maande)	12,4	5,9
Duitsland (Interbankdeposito's van 3 maande)	9,7	4,2
Eurodollar (Banke se prima-aanbodskoers vir 3-maande deposito's in Londen)	13,9	5,8
VK (Interbankdeposito's van 3 maande)	12,6	10,7
SA (Bankaksepte van 3 maande)	11,3	8,7

Netto buitelandse kapitaalbewegings volgens sektor



Alhoewel kwartaallikse syfers van kapitaalbewegings nie altyd die vervroegings en vertragings wat van korter duur is, weerspieël nie, toon hulle nogtans dat die maatreëls wat deur die owerhede getref is gedurende 1975 die netto invloeiing van buitelandse kapitaal aangemoedig en vergemaklik het. Nadat daar in die tweede en derde kwartale van 1975 netto uitvloeiings van private korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, van R87 miljoen en R26 miljoen onderskeidelik aangeteken is, het daar gedurende die laaste kwartaal van die jaar 'n netto invloeiing van korttermynfondse van R359 miljoen voorgekom.


Ongegronde gerugte teen die einde van die jaar van 'n moontlike verdere devaluasie van die rand en 'n verdere daling in die prys van goud in Januarie 1976 het egter vanaf die laaste week van Desember tot groter netto aankope van valuta by die Reserwebank tot bo-normale vlakke gelei. Met die oog op die duidelike verband tussen die oormatige toename in bankkrediet aan die private sektor en die abnormaal hoë aankope van valuta by die Reserwebank, het die Bank op 17 Februarie die instelling van kwantitatiewe beperkings op bankkrediet aan die private sektor aangekondig. Hierdie maatreël is bedoel as 'n tydelike stap om die ewewig tussen die binnelandse en buitelandse finansiering van Suid-Afrika se internasionale handel te herstel en daardeur in die algemeen die betalingsbalans te versterk. Die Minister van Finansies het ook veranderinge in die deviesebeheer aangekondig ten einde die ongunstige uitwerking van die vervroegings en vertragings op die kapitaalrekening van die betalingsbalans te verminder.

Matige styging in die goud- en ander buitelandse reserwes

Die rekord tekort op die lopende rekening, tesame met die groot netto invloeiing van buitelandse kapitaal, het meegebring dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes as gevolg van betalingsbalanstransaksies in 1975 met R158 miljoen toegeneem het. Ná waardasie-aansuiwerings, het die *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes gedurende 1975 met R191 miljoen gestyg om aan die einde van die jaar 'n vlak van R1 100 miljoen te bereik. Die *netto* reserwes, d.w.s. die bruto reserwes min die korttermyn buitelandse laste van die monetêre banksektor, het egter gedurende die grootste gedeelte van die eerste drie kwartale van 1975 gedaal. Ná die devaluasie op 22 September het dit egter tot bykans die einde van die jaar 'n stygende neiging getoon. Gedurende Januarie 1976 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R20 miljoen gestyg tot 'n vlak van R960 miljoen aan die einde van die maand, maar hierdie styging het die trekking van Suid-Afrika se eerste krediettranche van R81,4 miljoen by die Internasionale Monetêre Fonds ingesluit.

Wat die samestelling van die goud- en ander

Goud- en ander buitelandse reserwes



buitelandse reserwes betref, het die buitelandse valutareserwes van die Reserwebank vanaf R156 miljoen aan die einde van 1974 tot R378 miljoen aan die einde van 1975 gestyg, terwyl die goudreserwes effens afgeneem het. Die besit aan goud- en buitelandse reserwes van die private bankinstellings het gedurende 1975 ook met R47 miljoen gestyg. In teenstelling met hierdie stygings, het die buitelandse reserwes van die sentrale regering skerp gedaal as gevolg van die trekking van Suid-Afrika se goudtranche by die Internasionale Monetêre Fonds in September.

Nadat dit gedurende Januarie en Februarie 1976 min verandering getoon het, het die goudbesit van die Reserwebank gedurende die week geëindig 12 Maart 1976 skerp gedaal as gevolg van goudruilooreenkomste met buitelandse instansies. Hoofsaaklik as gevolg van hierdie ooreenkomste het die Reserwebank se goudbesit met R147,5 miljoen gedaal, die ander buitelandse reserwes met R480,9 miljoen toegeneem en die totale goud- en ander buitelandse reserwes met R333,4 miljoen tot 'n vlak van R1 199,8 miljoen gestyg gedurende die week geëindig 12 Maart 1976.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Nadat die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal van 1974 teen 'n jaarkoers van 44 persent gestyg het, het die jaarkoers van toename gedurende die eerste helfte van 1975 tot 11 persent gedaal. Daarna het dit weer skerp toegeneem tot 21 en 23 persent gedurende die derde en vierde kwartale van die jaar, onderskeidelik. Die jaarkoers van toename in die likwiditeit van die private sektor gedurende die tweede helfte van 1975 (22 persent) was derhalwe ongeveer twee maal so hoog as die koers wat gedurende die eerste ses maande van die jaar aangeteken is. Vir die jaar 1975 in sy geheel was die toename in geld en kwasi-geld 16 persent (of R1 205 miljoen), wat aansienlik minder was as die toename van ongeveer 23 persent in sowel 1973 as 1974. Vir die twaalf maande vanaf Januarie 1975 tot Januarie 1976 was die koers van toename ongeveer 17 persent.


Die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, albei seisoensaangesuiwerd, wat vanaf 30,7 persent in die eerste kwartaal van 1975 tot 29,8 persent in die tweede kwartaal gedaal het, het taamlik aansienlik tot 30,4 persent in die vierde kwartaal toegeneem. In die vierde kwartaal van 1975 was hierdie verhouding ongeveer 2 persentasiepunte hoër as in die tweede en derde kwartale van 1974.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Die belangrikheid van die verskillende oorsake van verandering in geld en kwasi-geld het gedurende al vier kwartale van 1975 min of meer dieselfde gebly. 'n Uitbreiding van bankkrediet aan die private en regeringsektore, wat slegs gedeeltelik deur 'n daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n styging in die langtermyndeposito's van die private sektor geneutraliseer is, was vir die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld verantwoordelik. Vir die jaar in sy geheel het die toename in binnelandse krediet, bestaande uit die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor en banksektoreise teen die private sektor, 23 persent beloop. Gedurende die eerste helfte van 1975 het die toename in die netto eise teen die regeringsektor die styging in bankkrediet aan die private sektor aansienlik oorskry. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die styging in bankkrediet aan die private sektor egter verder versnel, terwyl die netto eise teen die regering slegs met 'n betreklik geringe bedrag gestyg het. Op 'n seisoensaangesuiwerde basis het die eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende die vierde kwartaal van die jaar in werklikheid gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n groot styging in regeringsdeposito's gedurende Desember.


Gedurende die tweede helfte van 1975 was die afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes beduidend laer as die aansienlike daling

Verandering in geld en kwasi-geld



Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Verandering in:



Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Nadat die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal van 1974 teen 'n jaarkoers van 44 persent gestyg het, het die jaarkoers van toename gedurende die eerste helfte van 1975 tot 11 persent gedaal. Daarna het dit weer skerp toegeneem tot 21 en 23 persent gedurende die derde en vierde kwartale van die jaar, onderskeidelik. Die jaarkoers van toename in die likwiditeit van die private sektor gedurende die tweede helfte van 1975 (22 persent) was derhalwe ongeveer twee maal so hoog as die koers wat gedurende die eerste ses maande van die jaar aangeteken is. Vir die jaar 1975 in sy geheel was die toename in geld en kwasi-geld 16 persent (of R1 205 miljoen), wat aansienlik minder was as die toename van ongeveer 23 persent in sowel 1973 as 1974. Vir die twaalf maande vanaf Januarie 1975 tot Januarie 1976 was die koers van toename ongeveer 17 persent.


Die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, albei seisoensaangesuiwerd, wat vanaf 30,7 persent in die eerste kwartaal van 1975 tot 29,8 persent in die tweede kwartaal gedaal het, het taamlik aansienlik tot 30,4 persent in die vierde kwartaal toegeneem. In die vierde kwartaal van 1975 was hierdie verhouding ongeveer 2 persentasiepunte hoër as in die tweede en derde kwartale van 1974.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Die belangrikheid van die verskillende oorsake van verandering in geld en kwasi-geld het gedurende al vier kwartale van 1975 min of meer dieselfde gebly. 'n Uitbreiding van bankkrediet aan die private en regeringsektore, wat slegs gedeeltelik deur 'n daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n styging in die langtermyndeposito's van die private sektor geneutraliseer is, was vir die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld verantwoordelik. Vir die jaar in sy geheel het die toename in binnelandse krediet, bestaande uit die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor en banksektoreise teen die private sektor, 23 persent beloop. Gedurende die eerste helfte van 1975 het die toename in die netto eise teen die regeringsektor die styging in bankkrediet aan die private sektor aansienlik oorskry. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die styging in bankkrediet aan die private sektor egter verder versnel, terwyl die netto eise teen die regering slegs met 'n betreklik geringe bedrag gestyg het. Op 'n seisoensaangesuiwerde basis het die eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende die vierde kwartaal van die jaar in werklikheid gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n groot styging in regeringsdeposito's gedurende Desember.





Gedurende die tweede helfte van 1975 was die afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes beduidend laer as die aansienlike daling

Verandering in geld en kwasi-geld



Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Verandering in:



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld*

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel					Jan. 1976
	Jaar 1975	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar 1975	
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-462	-25	-289	-99	-100	-514	-178
Eise teen die regeringsektor:							
Bruto eise	1099						
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-302						
Netto eise	797	312	354	102	-54	714	276
Eise teen die private sektor	1203	269	231	363	344	1206	152
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-421	-100	-123	-36	-170	-430	62
Netto ander bates	88						
Totale oorsake van veranderings	1205	258	143	367	420	1188	165

*Veranderings vir die eerste kwartaal van 1975 en vir die jaar 1975 is aangesuiwer om die invloed van die jaarlikse hersiening van die banksektor uit te skakel.

gedurende die tweede kwartaal van 1975, maar in Januarie is 'n verdere groot daling aangeteken. Die langtermyndeposito's van die private sektor het gedurende die eerste en tweede kwartale opmerklik gestyg en, ná 'n kleiner toename gedurende die derde kwartaal, gedurende die vierde kwartaal van die jaar weer sterk toegeneem. Laasgenoemde styging kan waarskynlik in sekere mate in verband gebring word met die verdere verhogings van die likwiede batevereistes t.o.v. die banke se kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek wat gedurende Oktober en November 1975 van krag geword het.

Alhoewel die bankkrediet aan die private sektor gedurende Januarie 1976 voortgegaan het om vinnig te styg, was die seisoensaangesuiwerde toename in die banke se eise teen die private sektor gedurende daardie maand weer eens kleiner as die toename in die netto eise teen die regeringsektor. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die banksektor het skerp gedaal tot 'n negatiewe syfer van R97 miljoen (nie seisoensaangesuiwerd nie) aan die einde van die maand. Die langtermyndeposito's, seisoensaangesuiwerd, het met R62 miljoen gedaal.

Bankkrediet aan die private sektor

Die bankkrediet aan die private sektor het gedurende die eerste helfte van 1975 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ietwat minder as 15 persent, en gedurende die tweede helfte van die jaar teen 'n koers van meer as 19 persent, toegeneem. Vir die jaar in sy geheel was die toename in bankkrediet aan die private sektor van ongeveer 17 persent effens kleiner as die styging van 19 persent wat gedurende 1974 aange-teken is.

Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en al-

gemene banke het gedurende die jaar met R791 miljoen of ongeveer 15 persent toegeneem, terwyl die beleggings van hierdie instellings in effekte van die private sektor met meer as 19 persent, of R166 miljoen, gestyg het, waarvan R76 miljoen 'n toename gedurende die laaste kwartaal van die jaar verteenwoordig het. Van die verskillende soorte diskonteringe en voorskotte wat deur hierdie banke toegestaan word, het huurkoopkrediet met R154 miljoen, of 34 persent, en handelsware-huurkontrakte met R226 miljoen, of 71 persent, gestyg. Die toename in hierdie soorte krediet was veral groot teen die einde van die jaar en was grotendeels 'n weerspieëling van die finansiering van televisiestelle. Kaskredietvoorskotte deur die Landbank toegestaan, wat gedurende die eerste helfte van die jaar met R12 miljoen gedaal het, het gedurende die tweede helfte van die jaar skerp gestyg met R166 miljoen of 26 persent.

Gedurende Januarie 1976 het die bankkrediet aan die private sektor teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van byna 25 persent toegeneem. Die herverskyning van „vervroegings en vertragings“ op die betalingsbalans in Januarie en die begin van Februarie 1976, die hoë peil van die aankope van buitelandse valuta van die Reserwebank wat daaruit voortgevloeit het, en die klaarblyklike rol wat die betreklik vinnige uitbreiding van bankkrediet by die veroorsaking van hierdie verskynsels gespeel het, het die Reserwebank daartoe gelei om, op 17 Februarie 1976, regstreekse kwantitatiewe beperkings op bankkrediet aan die private sektor aan te kondig. Met die einde van Desember 1975 as basis, was die doel van hierdie beperkings aanvanklik om die toename in die diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, en in beleggings in gespesifiseerde effekte van die private sektor van elke bankinstelling (diskontohuise uitge-

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld*

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel					Jan. 1976
	Jaar 1975	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar 1975	
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-462	-25	-289	-99	-100	-514	-178
Eise teen die regeringsektor:							
Bruto eise	1099						
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-302						
Netto eise	797	312	354	102	-54	714	276
Eise teen die private sektor	1203	269	231	363	344	1206	152
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-421	-100	-123	-36	-170	-430	62
Netto ander bates	88						
Totale oorsake van veranderings	1205	258	143	367	420	1188	165

*Veranderings vir die eerste kwartaal van 1975 en vir die jaar 1975 is aangesuiwer om die invloed van die jaarlikse hersiening van die banksektor uit te skakel.

gedurende die tweede kwartaal van 1975, maar in Januarie is 'n verdere groot daling aangeteken. Die langtermyndeposito's van die private sektor het gedurende die eerste en tweede kwartale opmerklik gestyg en, ná 'n kleiner toename gedurende die derde kwartaal, gedurende die vierde kwartaal van die jaar weer sterk toegeneem. Laasgenoemde styging kan waarskynlik in sekere mate in verband gebring word met die verdere verhogings van die likwiede batevereistes t.o.v. die banke se kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek wat gedurende Oktober en November 1975 van krag geword het.

Alhoewel die bankkrediet aan die private sektor gedurende Januarie 1976 voortgegaan het om vinnig te styg, was die seisoensaangesuiwerde toename in die banke se eise teen die private sektor gedurende daardie maand weer eens kleiner as die toename in die netto eise teen die regeringsektor. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die banksektor het skerp gedaal tot 'n negatiewe syfer van R97 miljoen (nie seisoensaangesuiwerd nie) aan die einde van die maand. Die langtermyndeposito's, seisoensaangesuiwerd, het met R62 miljoen gedaal.

Bankkrediet aan die private sektor

Die bankkrediet aan die private sektor het gedurende die eerste helfte van 1975 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ietwat minder as 15 persent, en gedurende die tweede helfte van die jaar teen 'n koers van meer as 19 persent, toegeneem. Vir die jaar in sy geheel was die toename in bankkrediet aan die private sektor van ongeveer 17 persent effens kleiner as die styging van 19 persent wat gedurende 1974 aange-teken is.

Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en al-

gemene banke het gedurende die jaar met R791 miljoen of ongeveer 15 persent toegeneem, terwyl die beleggings van hierdie instellings in effekte van die private sektor met meer as 19 persent, of R166 miljoen, gestyg het, waarvan R76 miljoen 'n toename gedurende die laaste kwartaal van die jaar verteenwoordig het. Van die verskillende soorte diskonteringe en voorskotte wat deur hierdie banke toegestaan word, het huurkoopkrediet met R154 miljoen, of 34 persent, en handelsware-huurkontrakte met R226 miljoen, of 71 persent, gestyg. Die toename in hierdie soorte krediet was veral groot teen die einde van die jaar en was grotendeels 'n weerspieëling van die finansiering van televisiestelle. Kaskredietvoorskotte deur die Landbank toegestaan, wat gedurende die eerste helfte van die jaar met R12 miljoen gedaal het, het gedurende die tweede helfte van die jaar skerp gestyg met R166 miljoen of 26 persent.

Gedurende Januarie 1976 het die bankkrediet aan die private sektor teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van byna 25 persent toegeneem. Die herverskyning van „vervroegings en vertragings” op die betalingsbalans in Januarie en die begin van Februarie 1976, die hoë peil van die aankope van buitelandse valuta van die Reserwebank wat daaruit voortgevloeit het, en die klaarblyklike rol wat die betreklik vinnige uitbreiding van bankkrediet by die veroorsaking van hierdie verskynsels gespeel het, het die Reserwebank daartoe gelei om, op 17 Februarie 1976, regstreekse kwantitatiewe beperkings op bankkrediet aan die private sektor aan te kondig. Met die einde van Desember 1975 as basis, was die doel van hierdie beperkings aanvanklik om die toename in die diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, en in beleggings in gespesifiseerde effekte van die private sektor van elke bankinstelling (diskontohuise uitge-

sonderd) tot 'n maksimum van $1\frac{1}{2}$ persent tot die einde van Maart, en daarna tot $\frac{1}{2}$ persent per maand, te beperk.

Ná hierdie stap, wat vinnig gedoen moes word in die lig van die abnormale druk op die amptelike goud- en ander buitelandse reserves op daardie tyd, het die Reserwebank omvattende samesprekings oor die praktiese toepassing van die nuwe maatreëls met die verskillende assosiasies van bankinstellings gevoer, en na aanleiding van vertoë wat tydens hierdie samesprekings gerig is, het die bank op 3 Maart 1976 'n verligting van hierdie beperkings aangekondig. Die nuwe beperking op die banke se diskonterings, lenings en voorskotte aan die private sektor, soos gedefinieer, is vir die einde van Maart vasgestel op die basissyfer van Desember 1975 plus $3\frac{1}{2}$ persent. Ná die einde van Maart sal hierdie plafon elke maand met $\frac{1}{2}$ persent van die Desember-basissyfer verhoog word. By die toestaan van hierdie toegewing met betrekking tot die eerste kwartaal van die jaar, het die Reserwebank die betreklik groot toename in die kredietverlening deur sekere bankinstellings wat alreeds gedurende Januarie voorgekom het, in aanmerking geneem. In die geval van die handelsbanke, byvoorbeeld, het die seisoensaangesuiwerde toename in hul diskonterings en voorskotte (voorskotte aan die Landbank uitgesonderd) gedurende Januarie nie minder nie as R217 miljoen of 5,7 persent bedra.

Likwiditeit van bankinstellings

Die oorskot-likwiditeit van handelsbanke, aksepbanke en huurkoop- en algemene bankinstellings, wat, afgesien van 'n daling in Augustus, gedurende die tweede en derde kwartale van 1975 hoog gebly het, het gedurende Oktober weer opmerklik gedaal en vervolgens gedurende November en Desember min verandering getoon. Gedurende Januarie het dit aansienlik tot 'n baie lae peil gedaal. Die daling in die oorskot-likwiditeit van hierdie instellings was 'n weerspieëling van die verhoogde likwiede batevereistes wat op 11 Augustus 1975 (gepaardgaande met die verhoging van die Bankkoers vanaf 8 na 8,5 persent) en op 30 September 1975 (ná die devaluasie van die rand

Oorskot likwiede bates van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop en algemene banke



op 22 September) aangekondig is. Met ingang vanaf ongeveer 21 Augustus, is die vereiste likwiditeitsverhouding t.o.v. die banke se korttermynverpligtings teenoor die publiek vir die handelsbanke vanaf 45 persent tot 49 persent, en vir alle ander banke behalwe die diskontohuise tot 47 persent, verhoog. Met ingang vanaf ongeveer 21 Oktober is die verhoudings t.o.v. die banke se kort- en middeltermynverpligtings vir die handelsbanke vanaf onderskeidelik 49 en 28 persent tot 55 en 30 persent, en vir alle ander banke behalwe die diskontohuise vanaf onderskeidelik 47 en 28 persent tot 50 en 29 persent, verhoog. Hierbenewens is, met ingang vanaf ongeveer 21 November, van alle banke vereis om aanvullende likwiede bates aan te hou tot 'n bedrag van minstens 20 persent van die toename in hul korttermynverpligtings en 10 persent van die toename in hul middeltermynverpligtings sedert die einde van September 1975.

Oorskot-likwiditeitsverhouding van bankinstellings, 1975 en Januarie 1976

	1975						1976
	Mrt.	Jun.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Jan.
Handelsbanke	2,4	7,1	6,4	3,8	3,2	3,3	1,2
Aksepbanke	0,9	1,1	2,4	1,3	0,8	1,4	0,5
Monetêre huurkoop- en algemene banke	-0,6	0,7	1,6	0,6	1,5	1,1	0,8
Totaal monetêre banke:							
Verhouding (%)	1,5	5,0	4,9	2,8	2,5	2,6	1,1
Bedrag (Rm)	147	521	514	293	266	282	114
Nie-monetêre banke	2,3	2,4	2,7	1,7	1,7	0,7	1,6
Totaal alle banke:							
Verhouding (%)	1,6	4,9	4,8	2,7	2,5	2,5	1,1
Bedrag (Rm)	157	532	526	301	275	286	123


'n Verskuiwing van fondse na die regeringsektor, hoofsaaklik as gevolg van belastingbetalings, asook die opmerklike daling in die netto goud- en ander buitelandse reserves, het bygedra tot die duidelike verdere afname in die oorskot-likwiditeitsverhoudings van die banke gedurende Januarie 1976. 'n Opvallende relatiewe verskuiwing vanaf korttermyn- na middeltermynverpligtings het sedert die middel van 1975 voorgekom en dit het die banke gehelp om aan die hoër likwiede batevereistes te voldoen. Dit is ook opmerklik dat 'n ongewoon groot gedeelte van die toename in die banke se besit aan likwiede bates uit likwiede handelswissels en bankaksepte bestaan het. Die handelsbanke het byvoorbeeld tussen Julie 1975 en Januarie 1976 in werklikheid 'n afname in hul besit aan ander likwiede bates as handelswissels en bankaksepte ondervind, maar hul besit aan laasgenoemde met byna R100 miljoen vermeerder. Dit kan verklaar word uit die feit dat die maksimum bedrag aan handelswissels en aksepte wat gebruik kon word om aan die likwiede batevereistes te voldoen, eweredig aan die likwiede batevereistes self toegeneem het.

Geldmarktoestand en rentekoerse

Die toestand op die geldmark het gedurende die grootste deel van 1975 betreklik ruim gebly maar gedurende Desember ietwat en gedurende Januarie en Februarie 1976 in meer ernstige mate vernou. Die aansienlike verruiming gedurende die grootste deel van 1975 was hoofsaaklik die gevolg van die groot toename van meer as R900 miljoen in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie teen die regeringsektor tussen 7 Maart en 24 Desember 1975. Hierná het 'n afname in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie teen die regeringsektor, tesame met die voortgesette daling in die netto goud- en ander buitelandse reserves, tot 'n vernouing van die geldmarktoestand gelei. Onder hierdie omstandighede het die banke, eerstens, hul daggelddeposito's by die Nasionale Finansiële korporasie en, tweedens, hul daggelddeposito's by die diskontohuise verminder. Dit het gelei tot 'n aansienlike toename in akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise.

Die geldmarkrentekoerse, wat sedert September 1974 besig was om te daal, het hul afwaartse neiging gedurende die eerste helfte van 1975 voortgesit. Gepaardgaande met die verhoging van die Bankkoers vanaf 8,00 tot 8,50 persent op 11 Augustus, het die geldmarkkoerse skerp gestyg, gedurende Oktober en November ietwat gedaal, maar vervolgens gedurende Desember 1975 en Januarie en Februarie 1976 byna ononderbroke gestyg. So het die koers op VDS-e van 9,00 persent op 5 September tot 7,90 persent op 21 November gedaal het, byvoorbeeld tot 13,50 persent op 27 Februarie toegeneem. Op soortgelyke wyse het die diskontokoers op bankaksepte van drie maande vanaf 9,00 persent op 26 September

Geldmarkrentekoerse



tot 8,20 persent gedurende November gedaal, maar vervolgens tot 11,00 persent op 27 Februarie gestyg. Die skatkisswissel-tenderkoers, wat marginaal tot 6,82 persent gedurende November gedaal het, het tot 7,17 persent op 5 Maart toegeneem.

Die rentekoerse op deposito's by bankinstellings, wat in die algemeen op laer vlakke gehou is as wat deur die rentekoersbeheerregulasies toegelaat is, is in sekere gevalle gedurende die eerste week van Oktober verhoog, ná die verdere verhoging van die banke se likwiede batevereistes wat op 30 September aangekondig is. Hierdie koerse het in die algemeen gedurende die daaropvolgende maande onveranderd gebly maar gedurende die eerste week van Februarie 1976 geneig om opwaarts te beweeg. Die primaoortrekkingskoers, d.w.s. die laagste koers waarteen die verrekeningsbanke bereid is om op oortrokke rekening uit te leen, is tot 11,50 persent verhoog toe die Bankkoers in Augustus 1975 verhoog is, en vervolgens verder tot 12,00 persent op 1 Oktober, ná die aankondiging van die verhoging van die banke se likwiede batevereistes waarna hierbo verwys is.

Staatsfinansies

Skatkisontvangste en -uitbetalings


Gedurende die eerste tien maande van die huidige fiskale jaar, d.w.s. die tydperk April 1975 tot Januarie 1976, het totale netto ontvangstes op die Skatkisrekening met 12,8 persent gestyg en hierdie toename was effens meer as die 12,4 persent wat in die Begroting vir ontvangste van binnelandse inkomste, doeane en aksyns en leningsverhalings vir die jaar as geheel verwag is. Totale binnelandse inkomste-invorderings en ontvangste op die Leningsrekening (uitgesonderd lenings) is nadelig beïnvloed deur laer as verwagte inkomstebelasting- en huurkontrakbetalings deur goudmyne, maar die daling is meer as geneutraliseer deur hoër as verwagte stygings in die invorderings van „ander binnelandse inkomste” en doeane-, aksyns- en verkoopreg. Inderwaarheid het ontvangste uitgesonderd dié vanaf goudmyne, gedurende die tydperk van tien maande met bykans 16½ persent gestyg, vergeleke met ’n begrote toename van 13 persent vir die jaar as geheel.

As gevolg van die vroeëre aanvraag deur departemente van fondse wat deur die Parlement bewillig is, het uitreikings op die Skatkisrekening gedurende die tydperk van tien maande met ’n persentasie gestyg wat heelwat hoër was as die toename wat in die Begroting vir die jaar as geheel voorsien is. Selfs al word voorsiening gemaak vir die addisionele bewilligings wat deur die Parlement goedgekeur word, word verwag dat uitreikings gedurende die laaste twee maande van die fiskale jaar, d.w.s. Februarie en Maart 1976, heelwat laer sal wees as die vlak wat in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar bereik is.


Finansiering van die Skatkistekort

Die tekort op die Skatkisrekening, d.w.s. die verskil tussen uitreikings en ontvangste (uitgesonderd lenings), het in die eerste tien maande van die huidige fiskale jaar R1 310 miljoen bedra. Ten einde die Skatkistekort sover as moontlik uit lopende besparing te finansier, het die regering ’n baie suksesvolle leningsprogram van stapel gestuur. ’n Uitgifte van lantermyn-effekte is byvoorbeeld in Augustus en September verlede jaar deur die Reserwebank aan beleggers beskikbaar gestel teen ’n historiese hoë opbrengskoers van 10 persent. Hierdie uitgifte, asook ’n kort- en middeltermynuitgifte, is daarna vroeg in Oktober vir openbare inskrywing aangebied, terwyl bykomstige beleggings in die lang- en middeltermynuitgifte ook deur bemiddeling van die Staatsskuldkommissaris gedurende November en Desember 1975 gemaak kon word. In Desember is ’n effekte-uitgifte van vier jaar deur middel van die Reserwebank vir inskrywing aangebied. Terselfdertyd is ’n versoek deur die Minister van Finansies aan versekeraars en pensioenfondse gerig om hul voorgeskrewe besit aan staatseffekte gedurende 1976 met 2 persent van hul verpligtings en bates, onderskeidelik, bó

Ontvangstes en uitreikings op die Skatkisrekening



Tekort op die Skatkisrekening



die verpligte minimum te verhoog. Die bedoeling is dat hierdie tydelike verhoging van die voorgeskrewe minimum belegging in staatseffekte nie die fondse wat deur hierdie instellings in die res van die openbare sektor belê word, sal beïnvloed nie. ’n Versoek is ook aan bouverenigings en bankinstellings gerig om uitgiftes van staatseffekte te ondersteun. Tussen 29 Januarie en 5 Februarie is ’n 7½ persent 1979- en ’n 10 persent 1991-effek vir inskrywing beskikbaar gestel, gedeeltelik om twee effekte-uitgiftes ten bedrae van R208 miljoen wat in Januarie en Februarie 1976 afgelos is, te vervang. Aansoeke vir die langtermynuitgifte, uitgesonderd beleggings deur die Staatsskuldkommissaris, het R121 miljoen bedra en was hoofsaaklik afkomstig van versekeraars en pensioenfondse wat gesamentlik vir R106 miljoen aansoek gedoen het. Die korttermynuitgifte is ook goed ondersteun en daar is vir R376 miljoen aansoek

Skatkisfinansies

R miljoene

	April 1974 tot Januarie 1975	April 1975 tot Januarie 1976
Totale netto ontvangste	4 027	4 544
Totale netto uitreikings	4 405	5 854
Totale tekort (uitgesluit lenings)	378	1 310
Finansiering:		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor	107	233
Private nie-banksektor:		
Leningsheffings	38	61
Ander	69	318
Staatskuldkommissaris en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese	99	146
Sub-totaal	313	758
Monetêre banksektor:		
Verandering in besit aan staatskuldbewyse	208	730
Verandering in skatkissaldo*	- 143	- 178
Sub-totaal	65	552
Totale finansiering	378	1 310

*Toename-, afname+ Insluitende netto oordragte na die Stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening t.o.v. super-goud-tranche-trekkings.

gedoen, hoofsaaklik deur die monetêre banksektor.

Hoofsaaklik as gevolg van die leningsbedrywighede waarna hierbo verwys is, het die private nie-banksektor R379 miljoen, hoofsaaklik in die vorm van beleggings in staatseffekte, tot die finansiering van die tekort van R1 310 miljoen op die Skatkisrekening gedurende die eerste tien maande van die huidige fiskale jaar bygedra. Daarbenewens het netto buitelandse lenings deur die Tesourie R233 miljoen bedra en 'n netto bedrag van R146 miljoen is deur die Staatskuldkommissaris in staatskuldbewyse belê. Die oorblywende gedeelte van die tekort, nl. R552 miljoen, is gefinansier deur 'n toename in die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor. Die netto toevoeging tot hierdie sektor se besit aan staatskuldbewyse het in werklikheid R730 miljoen bedra, maar 'n gedeelte van hierdie belegging is weerspieël in 'n toename van R178 miljoen in die Skatkis se kontantsaldo. Gedurende Januarie 1976 is 'n bedrag van R120 miljoen vanaf die Skatkisrekening na die Stabilisasierekening oorgedra en die saldo op laasgenoemde rekening is tot R546 miljoen verhoog.

Kapitaalmark


Mark vir vaste-rentedraende effekte

Opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte het teen die einde van 1974 en aan die begin van 1975 tot effens laer vlakke gedaal, maar toestande in die mark het redelik stram gebly. Dit het die eerste keer geblyk gedurende die tydperk Maart tot Mei 1975 toe 'n aantal nuwe uitgiftes nie volskryf is nie. In daardie stadium is die opbrengskoerse op nuwe uitgiftes gehandhaaf op vlakke waarheen hulle vroeër gedaal het, maar opbrengskoerse in die sekondêre mark het gedurende April en Mei tydelik gestyg. Die volgehoue onderliggende stramheid in die mark, in weerwil van die sikliese afswaai in ekonomiese bedrywigheid, is in Augustus weer eens bevestig toe die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte verhoog is ten einde die finansiering van die sentrale regering se besteding uit lopende besparing in 'n groter mate moontlik te maak. Gedurende die daaropvolgende sewe maande tot Maart 1976 is die opbrengskoerse op semi-prima-effekte en maatskappyskuldbriewe opwaarts aangepas en alle nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte is, selfs teen die hoër opbrengskoerse, nie ten volle opgeneem nie.

Nadat die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in Augustus 1975 vanaf 9,5 persent tot 10,0 persent verhoog is, het die langtermynopbrengskoers op semi-prima-effekte ook met 0,60 persentasiepunte gestyg tot 'n vlak van 11,35 persent in November. Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van maatskappyskuldbriewe het gestyg tot vlakke van tussen 13,38 en 13,50 persent gedurende September en Oktober nadat hulle gedurende die eerste helfte van 1975 vanaf 13,25 tot 13,00 persent gedaal het. Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes sowel as dié in die sekondêre mark dui daarop dat opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte gedurende Desember 1975 en Januarie 1976 onveranderd gebly het. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het onveranderd op 10,0 persent gebly toe 'n nuwe uitgifte op 29 Januarie 1976 gemaak is, maar die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte het toegeneem tot 11,45 persent in Februarie en tot 11,50 persent in Maart. Aangesien daar gedurende die eerste kwartaal van 1976 geen nuwe uitgiftes van maatskappyskuldbriewe gemaak is nie, was daar geen aanduiding van 'n styging in die opbrengskoers bó die vlak van 13,50 persent wat teen die einde van 1975 vasgestel is nie.

'n Belangrike rede vir die volgehoue stramheid in die mark was die groot vraag na fondse deur sowel die openbare as die private sektor. Die totale opbrengs van nuwe uitgiftes van bemarkbare vaste-rentedraende effekte deur die openbare sektor, uitgesonderd die toename in die leners in die openbare sektor se besit aan hul eie effekte, het gedurende 1975 R1 292 miljoen bedra waarvan R870 miljoen, R239 miljoen en R183 miljoen onderskeidelik nuwe uitgiftes van die

Netto uitgiftes van bemarkbare effekte uitgesonderd leners se besit aan eie effekte



sentrale regering, openbare korporasies en plaaslike owerhede verteenwoordig het. Die vergelykbare nuwe uitgiftes deur die openbare sektor het in 1974 R274 miljoen bedra. Nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, het gedurende 1975 R151 miljoen bedra vergeleke met R123 miljoen gedurende 1974.

Aandelemark

Aandelepryse, met die uitsondering van dié van goudmyn- en finansiële mynaandele, het teen die einde van 1974 begin styg, maar hierdie opwaartse beweging is in Augustus omgekeer, toe die mark nadelig beïnvloed is deur die styging in rentekoerse en strenger beleidsmaatreëls wat daarop gemik was om die betalingsbalans te verbeter en die steeds heersende hoë inflasiekoerse te beperk. Die betrokke aandelepryse het gedurende die tydperk van drie maande vanaf Augustus tot Oktober skerp gedaal, maar het gedu-

rende die laaste twee maande van die jaar geneig om effens te styg en daarna gedurende Januarie en Februarie 1976 min of meer onveranderd gebly. Die pryse van goudmyn- en finansiële mynaandele, wat sedert September 1974 afwaarts geskommel het, het gedurende September 1975 skerp gedaal as gevolg van die aansienlike afname in die prys van goud gedurende dié maand. Hierdie pryse het, nadat die rand teen die einde van September gedevalueer is, gedurende Oktober en November ietwat verstewig, maar in Desember weer merkbaar gedaal en gedurende Januarie en Februarie 1976 op hierdie laer vlak gebly. Aandelepryse, met die uitsondering van dié van goudmyn- en finansiële mynaandele was in Februarie 1976 gemiddeld 9 persent laer as in Julie 1975, maar nog steeds 18 persent hoër as in Desember 1974. Die pryse van goudmyn- en finansiële mynaandele was in Februarie 1976 gemiddeld 30 persent laer as in Julie 1975 en 43 persent laer as in Desember 1974.


In ooreenstemming met hierdie aandeleprysbewegings het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele gedurende die eerste sewe maande van 1975 afgeneem, gedurende die tydperk Augustus tot Oktober weer toegeneem en daarna gedurende die daaropvolgende vier maande effens gedaal. Hierdie opbrengskoers het in Februarie 1976 op 8,3 persent te staan gekom vergeleke met 7,3 persent in Julie 1975 en 8,5 persent in Desember 1974. Die omgekeerde rendementsgaping tussen prima-effekte en gewone aandele het vanaf 1,0 persent in Desember 1974 tot 1,8 persent in Desember 1975 en 1,7 persent in Februarie 1976 vergroot.

Die uitvloeiing van fondse wat die effektrusts in die vorm van terugkope van onderaandele ondervind het, was gedurende 1975, toe dit R6 miljoen bedra het, heelwat kleiner as die bedrag van R30 miljoen wat gedurende 1974 aangeteken is. Ten spyte van netto verkope van sekuriteite deur die trusts, het die markwaarde van hul netto bates vanaf R302 miljoen aan die einde van 1974 tot R311 miljoen aan die einde van 1975 toegeneem, wat die toename in die markwaarde van hul portefeuljes weerspieël het.

Beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings

Die beweging van langertermynfondse na die bouverenigings en bankinstellings het in 1975 'n skerp toename relatief tot 1974 getoon. Bouverenigingaandele en deposito's het gedurende 1975 met R787 miljoen toegeneem, vergeleke met R541 miljoen gedurende 1974 en die vorige rekordtoename van R750 miljoen gedurende 1973. Die toename in die bankinstellings se spaar- en langertermyndeposito's gedurende 1975 was nog meer opvallend en het R985 miljoen bedra, vergeleke met 'n toename van R504 miljoen gedurende 1974 en R565 miljoen gedurende 1973. Die beweging van fondse na deelnemingsverbandskemas het regdeur 1975 op 'n lae vlak gebly en vir die jaar as geheel slegs

Vloei van fondse na finansiële instellings




R23 miljoen bedra, teenoor R87 miljoen in 1974. Netto beleggings in die spaarskemas van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, wat in die derde kwartaal van 1974 na 'n hoër vlak beweeg het, het in 1975 R115 miljoen bedra, vergeleke met R42 miljoen in 1974. Die beweging van fondse na bouverenigings het gedurende Januarie 1976 die gebruikelike seisoensafname wat in hierdie maand van die jaar voorkom, getoon. Ná uitskakeling van seisoensinvloede was die invloeiing van fondse op ongeveer dieselfde vlak as die maandelikse gemiddelde vir die laaste kwartaal van 1975.

Die groter toevloeiing van fondse het bouverenigings en banke aangespoor om in Julie die koers op deposito's van twee jaar en langer met $\frac{1}{2}$ persent tot $9\frac{1}{2}$ persent te verlaag. In ooreenstemming met die algemene opwaartse aanpassing van rentekoerse, het die meeste bouverenigings en banke egter weer in Oktober dié koers tot 10 persent verhoog.

Verband- en vaste eiendomsmarkte

Die aansienlike beweging van fondse na die bouverenigings gedurende 1975 het hulle in staat gestel om hul uitleenbedrywigheide op 'n hoër vlak te handhaaf. Nuwe verbandlenings toegestaan deur die verenigings het gedurende 1975 R1 261 miljoen bedra, wat 41 persent meer was as die ooreenstemmende bedrag van R891 miljoen vir 1974. Die verpligtings van die verenigings met betrekking tot verbandlenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, het egter gedurende die jaar met R180 miljoen toegeneem sodat die werklike bedrag op nuwe verbande uitbetaal R1 081 miljoen was, vergeleke met R1 056 miljoen in 1974. Gedurende Januarie 1976 is nuwe verbandlenings ten bedrae van R77 miljoen toegestaan wat ongeveer

Nuwe verbandlenings toegestaan deur bouverenigings



dieselfde was as die maandelikse gemiddelde vlak vir die laaste kwartaal van 1975.

Met die bouverenigings in staat om in die grootste gedeelte van die vraag na huisverbandlenings (uitgesonderd verbandlenings bō R18 000) te voldoen en die steeds beperkte vraag na nywerheids- en handelsverbande, wat die verlangsaming van ekonomiese bedrywigheid en die beskikbaarheid van onverhuurde kantoorruimte weerspieël het, het verbandmarktoestande gedurende 1975 betreklik ruim gebly. Verbandkoerse het derhalwe nie in enige noemenswaardige mate gestyg toe rentekoerse oor die algemeen gedurende die derde kwartaal opwaarts geneig het nie. 'n Verandering in die struktuur van die bouverenigings se huisverbandkoerse, ingevolge waarvan 'n stelsel van gedifferensieerde koerse ingestel is, is egter gedurende September aangekondig. In plaas van die vorige eenvormige koers van 10,5 persent op huisverbande, wissel die koers op bestaande sowel as nuwe verbande nou tussen 10,5 persent en 12,0 persent, afhangende van die bedrag van die lening en die waarde van die beswaarde eiendom.

Die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark, wat gedurende die laaste kwartaal van 1974 en die eerste kwartaal van 1975 afgeneem het, het gedurende die tweede en derde kwartale van 1975 weer toegeneem. Alhoewel daar gedurende die vierde kwartaal van 1975 'n effense afname in vaste eiendomstransaksies was het bedrywigheid in hierdie mark op 'n vlak gebly wat effens hoër was as dié wat bestaan het voor die afname in vaste eiendomsbedrywigheide gedurende die vierde kwartaal van 1974.

Verklarings insake monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

17 Februarie 1976

Alhoewel daar gedurende onlangse maande sekere bemoedigende verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie was, bly daar 'n dringende behoefte om voort te gaan met beleidsmaatreëls wat bedoel is om inflasie te beteuel en die betalingsbalans te verbeter in die voortgesette toestand van wêrelddepressie. Terwyl die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks, wat alreeds van 'n hoogtepunt van 18,2 persent in die derde kwartaal van 1974 tot 11,9 persent gedurende die derde kwartaal van 1975 afgeneem het, verder tot 10,4 persent gedurende die vierde kwartaal gedaal het, bly dit onaanneemlik hoog. Eweneens, alhoewel die seisoensaangesuiwerde tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die vierde kwartaal van 1975 'n bemoedigende verbetering getoon het, is 'n verdere vermindering wenslik.

Bowendien, hoewel daar ná die randdevaluasie van 22 September 1975 'n opmerklike ommeswaai was in die vroeëre afwaartse beweging in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reserwes, het die netto aankope van buitelandse valuta by die Bank weer sedert die laaste week van Desember tot vlakke toegeneem wat bo-normaal is. Dit dui op 'n herverskyning van ongunstige „vervroegings en vertraging“ in die betalingsbalans, wat skynbaar deur nuwe verwagtings omtrent 'n moontlike devaluasie van die rand teweeggebring is, veral as gevolg van die verdere daling in die prys van goud in Januarie 1976.

Teen hierdie agtergrond is dit 'n saak van kommer dat, nadat dit teen 'n jaarkoers van 11 persent gedurende die eerste helfte van 1975 gestyg het, die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld teen jaarkoerse van 21 en 23 persent gedurende die derde en vierde kwartale van 1975 onderskeidelik toegeneem het, en dat hierdie oormatige styging in hoofsaak toe te skryf was aan 'n verdere uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor wat teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 20 persent gedurende die derde kwartaal en 18 persent gedurende die vierde kwartaal gestyg het. Laasgenoemde toename het plaasgevind ondanks die aansienlike verhoging ná September 1975 van die banke se likwiede batevereistes, en is moontlik gemaak deur die beweging van fondse vanaf die regering- na die private sektor gedurende die laaste drie kwartale van 1975. Meer onlangs het die regeringsektor per saldo fondse uit die private sektor onttrek en daardeur 'n vernouingseffek op die banksektor uitgeoefen, wat tot laat in Maart 1976 nog steeds gevoel behoort te word. Dit word egter verwag dat daar in April en Mei 'n aansienlike verruiming in die geldmark- en banktoestand sal plaasvind as gevolg van 'n aanmerklike seisoensverskuiwing van regeringsfondse na die private sektor.

Daar is duidelik 'n verband tussen die oormatige toename in bankkrediet aan die private sektor en die

onlangse abnormaal hoë aankope van buitelandse valuta by die Reserwebank. Ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank dus besluit om regstreekse kwantitatiewe beperkings op bankkrediet aan die private sektor in te stel. Hierdie stap word as 'n tydelike maatreël bedoel om 'n onmiddellike vermindering in die uitbreidingskoers van bankkrediet aan die private sektor te verseker, en dit word gedoen nie slegs om die betalingsbalans te verbeter nie maar ook om die potensiele inflasionistiese uitwerking van oormatige likwiditeit in die ekonomie te verminder.

Met 31 Desember 1975 as basis, sal die nuwe beperkings die toenames in, eerstens, die diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en, tweedens, die private sektor-beleggings van elke bankinstelling wat onder die Bankwet geregistreer is (uitgesonderd diskontohuise) beperk tot 'n maksimum van $1\frac{1}{2}$ persent tot die einde van Maart 1976 en tot $\frac{1}{2}$ persent per maand daarna tot nadere kennisgewing. Die nodige kennisgewings om hierdie beperkings te magtig sal binnekort in die Staatskoerant verskyn.

Die aansienlike bewegings van korttermyn-kapitaalfondse in die betalingsbalans het die vraag geopper of die bestaande deviesebeheermaatreëls effektief nagekom word. Die Reserwebank is dus besig met 'n grondige ondersoek na beweerde ontduikings van die bestaande deviesebeheerregulasies en doen stappe om die volledige nakoming van hierdie regulasies te verseker. Die owerhede sal nie huiwer om streng op te tree teenoor enigeen wat die regulasies op enige wyse oortree nie.

Die nuwe maatreëls moet gesien word in samehang met die onderskeie toegewings wat die Minister van Finansies in Augustus 1975 ten opsigte van deviesebeheer oor die invloed van fondse en valutatermyndekking aangekondig het. Hierdie toegewings was bedoel om die invloed van kapitaal aan te moedig, en hulle bly van krag. Gesamentlik behoort hierdie verskillende maatreëls te help om die ewewig tussen die binnelandse en buitelandse finansiering van ons uitbreidende produksie en handel te herstel.

3 Maart 1976

Ná die besluit van 17 Februarie 1976 om regstreekse beperkings op bankkrediet aan die private sektor in te stel – 'n stap wat vinnig gedoen moes word in die lig van die abnormale druk op die amptelike goud- en ander buitelandse reserwes op daardie tydstip – het die Reserwebank omvattende samesprekings oor die praktiese toepassing van die nuwe maatreëls met die verskillende assosiasies van bankinstellings gevoer. Na aanleiding van versoë vir die verligting van die aangekondigde beperkings wat tydens hierdie besprekings gerig is, het die Bank op 23 Februarie die assosiasies in kennis gestel dat die saak herooreweg sal word nadat al die bankinstellings hulle MBI vorms vir Januarie 1976 ingedien het.

Hierdie vorms is nou ontvang en toon dat, nadat bankkrediet aan die private sektor teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 20 en 18 persent gedurende die derde en vierde kwartale van 1975 toegeneem het, dit in Januarie teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van byna 25 persent gestyg het. In die geval van verskeie individuele banke was die koers van toename aansienlik hoër. Hierdie algemene styging is ooglopend oormatig en verskaf verdere bevestiging van die skakel tussen bankkrediet en die abnormaal hoë aankope van buitelandse valuta by die Reserwebank gedurende hierdie tydperk. Dit onderstreep ook die dringende behoefte aan 'n meer beperkende kredietbeleid.

In die lig van die buitengewoon groot uitbreiding van bankkrediet gedurende Januarie, is dit egter nou duidelik dat baie banke hulle uitstaande krediet voor die einde van Maart 1976 aansienlik sal moet inkort indien hulle moet voldoen aan die beperking van $1\frac{1}{2}$ persent bo die Desember 1975-syfer wat oorspronklik vir daardie datum neergelê is. Aangesien so 'n aansienlike

inkorting 'n uitermatige deflasionistiese en ontwrigtende uitwerking op die binnelandse ekonomie mag hê, is daar, ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, besluit om bankinstellings toe te laat om hulle diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, soos gedefinieer, tussen 31 Desember 1975 en 31 Maart 1976 met $3\frac{1}{2}$ persent, in plaas van die $1\frac{1}{2}$ persent soos voorheen neergelê, te laat toeneem. Die beperking op die toename in hierdie diskonteringe, lenings en voorskotte van 'n $\frac{1}{2}$ persent per maand gedurende die daaropvolgende maande, asook die vereistes t.o.v. die banke se private sektor-beleggings, soos uiteengesit in die aankondiging van 17 Februarie, bly onveranderd.

Ondanks die bostaande toegewing, is daar nog 'n hele aantal banke wat hulle uitstaande krediet aan die private sektor sal moet verminder. By die teweegbring van hierdie inkorting word dit verwag dat hulle rekening sal hou met die basiese vereistes van die ekonomie onder die huidige omstandighede en die noodsaaklikheid om ontwrigting te vermy.

Verklaring insake goudruilooreenkomste

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

17 Maart 1976

Ten einde die buitelandse valutakomponent van sy totale goud- en ander buitelandse reserwes te versterk, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank, ná oorlegpleging met die Tesourie, goudruilooreenkomste met buitelandse instansies gedurende die week geëindig 12 Maart 1976 aangegaan. Ingevolge hierdie ooreenkomste het die Bank goud verkoop en op 'n termynbasis teruggekoop. Uit hoofde van die aard van hierdie transaksies sal die goud wat verkoop is nie op die private mark van die hand gesit word nie, maar by die beëindiging van die ooreenkomste na die Suid-Afrikaanse Reserwebank terugkeer.

Die aanvanklike uitwerking van die ruiltransaksies is dat dit enersyds die Reserwebank se goudbesit verminder en andersyds sy buitelandse valuta-reserwes verhoog. Aangesien die Bank se goudbesit egter nog steeds teen die ou statutêre prys van R29,55 per fyn ons gewaardeer word, terwyl die ruiltransaksies teen markverwante pryse aangegaan is, oorskry die styging in die Bank se buitelandse valuta-reserwes vanselfsprekend die afname in sy goudbesit.

Hierdie ruiltransaksies is die hooforsaak van die daling van R147,5 miljoen in die Reserwebank se goudbesit, die styging van R480,9 miljoen in sy ander buitelandse reserwes en die gevolglike styging van

R333,4 miljoen tot 'n peil van R1 199,8 miljoen in sy totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die week geëindig 12 Maart 1976.

Terwyl hierdie ruiltransaksies op sigself nie Suid-Afrika se onderliggende betalingsbalansposisie beïnvloed of die noodsaaklikheid vir korrektiewe monetêre en fiskale beleid verminder nie, dien dit wel die belangrike doel om die kontantinhoud van die Reserwebank se buitelandse reserwes te verhoog en die Bank sodoende meer buigbaarheid in sy goudbemarkingsbeleid te gee.